# KOERSVAS

Jaargang 9 Uitgawe 193
20 Augustus 2021

Koersvas is die mondstuk van die GHG. Standpunte in die *Redaksioneel* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie.
Redakteur: Dr Johan Otto

In hierdie uitgawe:
Redaksioneel
Berigte en
Kennisgewings

**REDAKSIONEEL**

**Paralimpiese spele**

Die Olimpiese spele is afgehandel. Vele Olimpiese en wêreldrekords het in die slag gebly, al die goue en ander medaljes is verower; al het die atlete nie in volgepakte stadions deelgeneem nie. Nasietrots was op die spel en die Amerikaners het op die laaste dag van verligting gesug toe hulle Sjina kon inhaal op die medalje tabel en met een meer goue medalje kan spog. Ons ter plaatse moet maar wroeg oor die drie medaljes wat twee vroue atlete huis toe gebring het. Aan die twee dames ons hartlike gelukwense. Nou verskuif die aandag na die Paralimpiese spele wat van 24 Augustus tot 5 September 2021 in die kollig gaan wees. Dieselfde fasiliteite wat gebruik was vir die Olimpiese spele, gaan gebruik word. Daar gaan na raming 4400 atlete meeding in die 539 medalje items.

Die benaming "Paralimpiese spele" se oorsprong is nie in die woord "parapleeg" nie, maar is 'n samevoeging van die Grieks "para" wat beteken langs en die woord "Olimpies". Die benaming verwys met ander woorde na 'n gebeurtenis wat naas of langs die Olimpiese spele plaasvind en dui op die noue verbintenis tussen die twee gebeurtenisse. Die Paralimpiese spele en die Olimpiese spele bestaan parallel tot mekaar en is nou verbind.

Die Paralimpiese beweging bied die Paralimpiese spele aan en gee aan sekere atlete die geleentheid om op die hoogste vlak binne vermoë deel te kan neem in sekere sportsoorte. Atlete wat gesig-, beweging- of intellektueel ingeperk is, neem deel. Hierdie inperkings word breedweg in tien verdeel waar onder; ingeperkte spier gebruik, ingeperkte passiewe spektrum van beweging, ledemaat tekort of gebrek, verskil in lengte van bene, spier spanning, liggaamsbou (klein of kort), intellektuele inperking, gesig gestremdheid. Hierdie inperkings kan aangebore wees, of die gevolg van hewige trauma in die persoon se lewe.

Die klassifikasie van atlete is uiters belangrik en ook baie moeilik. Wat in een sport as inperking ervaar kan word, is in ander sfere van bestaan nie krities nie. Elke sportsoort het met ander woorde 'n 'n klassifikasie ten opsigte van deelname. Tog is daar drie fundamentele vrae wat gestel word ten opsigte van die klassifikasie van die kategorieë. "Het die atleet 'n toepaslike inperking ten opsigte van die spesifieke sport (byvoorbeeld spiesgooi in 'n rolstoel)?" "Voldoen die atleet aan die minimum vereistes in terme van die sport waaraan deelgeneem word (Is die inperking byvoorbeeld in terme van sig van so aard dat dit die kompeterende vrye deelname aan die item onmoontlik maak)?" "In watter klas moet die atleet geplaas word sodat die atleet steeds die

kernelemente van die sportsoort suksesvol kan voltooi?"
Die atlete neem aan verskillende items deel in die verskillende sportsoorte. Tydens die Somerspele neem die atlete deel aan (plaas "para" voor die meeste items); boogskiet, atletiek, pluimbal, boccia (Boccia is 'n sportsoort wat herinner aan rolbal, dit word binnemuurs gespeel op 'n baan min of meer so groot soos 'n pluimbalbaan), fietsry, dans sport, perdry, 5 'n kant sokker, doelbal, judo, gewigoptel, roei, kompetisie skiet, swem, tafeltennis, taekwondo, driekamp, rolstoel basketbal, rolstoel skerm, rolstoel rugby en rolstoel tennis.
Sportliefhebbers (wat televisie het en kyk) sal die verskillende sportitems volg. Diegene wat self gesinslede met inperkings het, sal met 'n knop in die keel en 'n traan in die oog (Ma, hou die uie weg van my) die spele volg, veral diegene wat al langs die sportveld hierdie atlete dopgehou en aangemoedig het. Gelukkig beteken hulle inperkings nie dat ons liefde vir hulle (en hulle liefde vir ons) ingeperk is nie.
Ten spyte van sy tragiese geskiedenis, is Oscar Pistorius waarskynlik die een voorbeeld van 'n para-atleet wat ons almal ken. Nie alle para-atlete kan tot op daardie vlak kompeteer nie. Dit beteken nie dat hulle nie met erns en toewyding binne hulle perke oefen en deelneem nie. Dit is hulle erns en hulle toewyding moet geloof word.
Ons beste wense vergesel ons Paralimpiese atlete wat op pad is na Tokio 2020. Mag julle medalje-oes dien as aansporing vir almal wat in hierdie lewe ingeperk voel of word!

## Berigte en Kennisgewings

### LEWENSBROOD BESTELLINGS 2022

Dit is al weer dié tyd van die jaar, bietjie vroeër as gewoonlik, maar dit beteken ons is goed op dreef. Ons poog om volgende jaar se Lewensbrood vroeër uit te gee en daarom moet u asseblief so spoedig moontlik, u Lewensbrood bestellings by u gemeente kantoor plaas. **Kostes** vir die Lewensbrood beloop **R140-00**. Die gemeente kantore moet asseblief hul **bestellings** deurgee aan ella@geloofsbond.org.za **voor of op 25 Oktober 2021.** Briewe in die verband sal nog aan gemeentes gestuur word. U samewerking in hierdie verband word waardeer.
Media komitee

### DIE BONDSVERGADERING

Die Bondsvergadering te Stilfontein vind plaas op 12-13 September 2021. Die Bestuurskomitee sal in die eerste week van September besluit oor enige nodige wysigings. Neem kennis dat die moontlikheid ondersoek word om per *Youtube* die verrigtinge uit te saai aan diegene wat weens kostes of ander uitdagings nie fisies teenwoordig kan wees nie. U sal op hoogte van sake gehou word. Die Skriba het reeds die relevante dokumentasie aan gemeentes gestuur.

### VOLKSHULP 2000

Ons deel graag die korrespondensie met ons lesers:
*Beste predikante,*
*Volkshulp het op die oomblik nog trust-fondse vir die 2021 boekjaar oor vir hulp*

*met betaal van hoërskool-kinders se skoolfonds.*
*Indien u van enige gesinne in u gemeente weet wat weens finansiële druk nie in staat is om skoolfonds vir hoërskool-kinders te kan bybring nie kan u my dringend skakel.*
*GHG-groete,*
*Jaco de Ridder*
Ons dank aan Volkshulp vir hierdie inisiatief

**BONDSDAMES PROJEK**

Die dames samel jaarliks geld in vir die befondsing van die GHG se teologiese opleiding. Hierdie jaar se projek met die tema Nostalgie het nou ten einde geloop. Gemeentes wat nog geld moet inbetaal of vorms moet instuur, word dringend versoek om dit in aller haas te doen. Stuur dit aan Alida van Wyk by vanwyka@mweb.co.za. Gelde t.o.v. die lootjies, moet inbetaal word in die Geloofsbond se rekening. Gebruik verwysing Kwilt 2021. Bewys van betaling moet ook aan Alida van Wyk gestuur word. Bankbesonderhede: Gebruik Kwilt 2021 as verwysing:
GHG
FNB
Rekeningnommer: 6243 092 3088
Tak: Pretoria-Noord Takkode: 250 655
Vir verdere navrae kan Alida van Wyk van Wes-Rand gemeente gekontak word. Loopfoon: 083 680 5121 Vonkpos: vanwyka@mweb.co.za

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalenders
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk
  ella@teamworkprinters.com

**BRAAIDAG**

Premiermyn Hervormde Kerk wil u nou reeds uitnooi om op 24 September 2021 (sogenaamde Braaidag) te kom deelneem aan 'n gesamentlike poging om die wêreldrekord te slaan deur 'n 2-ton, 2-kilometer, lange wors te maak en te braai.